NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 9

12 Maart 2026

# Die kruis en die diakonaat

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Wanneer Jesus aan die kruis besig is om te sterf, sien Hy sy moeder in die skare en die dissipel vir wie Hy baie lief was. In sy worsteling, elke sekonde gevul met pyn, is Hy bewus van die hartseer en nood van sy geliefdes wat alleen gaan agterbly met die trauma wat die marteling en kruisiging veroorsaak het. Hulle sou sin daarvan moes maak – sin maak van die verlies. In hierdie pynlike oomblik is Jesus besorg oor sy moeder en hierdie dissipel, en dan hoor ons die woorde: *Daar is u seun. Daar is jou moeder.***

Hierdie paar woorde openbaar iets van Jesus se diakonale hart – Jesus se omgee vir mense in nood. Nie slegs was Jesus bewus van hul pyn en hartseer nie, maar Hy het iets daaraan gedoen. Die woorde van Jesus was meer as net woorde – dit is eerder 'n oproep tot omgee en liefde, 'n oproep om te versorg en geborgenheid te bied. Terwyl dit donker word op Golgota, word die hart van die evangelie sigbaar wanneer Maria deur die dissipel versorg word en hy haar moederliefde ervaar.

Tydens die 74ste AKV is die besluit geneem dat die diakonaat in die toekoms deel sal vorm van die werksaamhede van die AKV. Waar die diakonaat vir baie jare deur 'n eie sinodale struktuur georden is, is die diakonaat opnuut op 'n nuwe koers geplaas. Die diakonaat in die NHKA is nou in die hart van die evangeliebediening, maar terselfdertyd is dit ook op grondvlak, op gemeentevlak, en elkeen se verantwoordelikheid.

Waar ons op pad is na Goeie Vrydag en Opstandingsondag, is dit belangrik om te besef Jesus se sterwe en opstanding alles verander het. Die wêreld het nuut geword, en so ook die manier waarop ons na dinge moet kyk. Die duisternis kon nie die Lig uitdoof nie, en ons kan deur die Lig en genade van Jesus mekaar raaksien en vir mekaar omgee. Aan die kruis maak Jesus ons opnuut bewus van die nood van mense, hul hartseer en die gevolge van die sondeval wat oorwin word. Die opstanding bring nuwe hoop en nuwe moontlikhede, nuwe perspektiewe en nuwe verantwoordelikhede.

Die Komitee vir Diakonaat se roeping en opdrag is om elkeen te herinner aan die kruiswoorde: *Daar is u seun. Daar is jou moeder.* Jesus weet van elkeen se nood, en Hy wil elke gelowige, elke lidmaat en elke ampsdraer opnuut oproep en uitstuur om mekaar en ander te versorg. Dit loop uit in die groot opdrag van Matteus 28 om die wêreld in te gaan en dissipels te maak. Oral waar ons kom, het ons elkeen die verantwoordelikheid om die hoop van Jesus uit te dra en uit te leef.

Mag die vrede, genade en troos van Jesus deur ons vloei.

**Dr Martin Jansen van Rensburg**
**(Voorsitter: Komitee vir Diakonaat)**

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 20 Maart. Die Kerk wens u ’n geseënde lewensjaar toe.**
  - Vrydag 13 Maart: Di LK (Lilian) Erasmus (Wonderboom), en RJ (Rudi) Rust (emeritus)
  - Maandag 16 Maart: Di GS (Gerrie) Botha (emeritus), en AC (Arie) Kuyper (emeritus)
  - Woensdag 18 Maart: Di P (Pieter) de K Furstenberg (Richardsbaai), en RTI (Robby) Pienaar (emeritus/Ogies)
  - Vrydag 20 Maart: Di JS (Hannelie) Botha (beroepafwagtend), PA (André) Harmzen (buiteland/Swartkop), en T (Tanya) Maartens (Klerksdorp-Wilkoppies)

- Die Kommissie vir die Algemene Kerkvergadering het tydens hul onlangse vergadering van die volgende lief en leed verneem:
  - **Ds Willem Breytenbach** (emeritus) **se seun, Wynand**, is verlede Donderdagaand skielik op die ouderdom van 38 **oorlede**. Die Kerk betuig simpatie met ds Breytenbach en sy gesin.
  - **Diak Andries Pretorius** is in die Moot Hospitaal opgeneem weens **’n bakteriese infeksie**. Ons bid hom ’n spoedige herstel toe.
  - **Ds Markus en mev Jani Pretorius** (Weltevreden) **se seun, Markie**, is in die Kloof Hospitaal (Pretoria) opgeneem met **breinvliesontsteking**. Die dokters besluit nog oor die beste prosedure om vog van sy brein te dreineer. Die Kerk doen voorbidding vir sy spoedige herstel.

## Gemeentes en bediening



- **Dr Annelie Botha**, dosent in die departement praktiese teologie en missionale studies, is op Sondag 8 Maart 2026 as predikant **in Gemeente Montana-Oos bevestig** in terme van Ordinansie 3.2.18.1(vi). Prof Yolanda Dreyer het haar in die amp bevestig, waarna die gemeente op gebruiklike Hervormde wyse saam verversings geniet het. By die geleentheid was ook teenwoordig prof Tanya van Wyk, ds Frikkie van Wyk (Montana-Oos), en dr Antionette Janse van Rensburg.

- **Dr Andorette van der Westhuizen** (emeritus) verhuis na die noorde van Pretoria na ’n plaas langs Dinokeng op die Moloto-pad naby Cullinan. Sy is **beskikbaar vir preekgeleenthede** in die **Ring van Magalies en ook noord van Pretoria**. Sy kan gekontak word by: **andorettehilljowett@gmail.com** of 075 399 4750.

- **Gemeente Newlands**: Januarie 2024 tot September 2024 was ’n lang en moeilike tyd vir Gemeente Newlands. Op 1 Oktober 2025 is Gemeente Newlands se **kerkgebou** aan die Sewendedag Adventiste Kerk, Johannesburg-Noord, **verkoop**. Ons is baie bly dat die verkondiging van die Woord van die Here nog daar sal voortleef.

  Ons is dankbaar vir die paaie wat ons gelei het tot die **samesmelting met Gemeente Johannesburg-Wes**. Die stigting van ons nuwe gemeente, **Gemeente Kruispad** op Sondag 6 Oktober 2025 tydens die gemeentevergadering het nuwe standvastigheid in ons midde gebring.

  ’n **Spesiale dankie** aan almal by **Gemeente Pretoria** vir hul hulp, bystand, ondersteuning en voorbidding. Dankie vir jul voetspore op die kruispaaie van ons lewe. Ons bid die Here se seën en liefde oor julle.

## Vergaderings

- Maandag 16 Maart: Bestuurskomitee
- Vrydag 20 Maart: Beleggingskomitee

## Ringsvergaderings

- Die Kommissie van die AKV versoek **ringskommissies** om die ringsvergaderings só in te rig dat daar **voldoende gesprek** gevoer word oor al die **positiewe werk** wat die Kerk doen. Ons wil die narratief verander deur **proaktief te beplan** en die **Kerk konstruktief op te bou**. Van die opening van die ringsvergadering af tot met die afsluiting kan daar gepoog word om die **gesprek oor die opbou van die Kerk te stimuleer**. Die ringsvergadering moet dus nie ’n dooie verslagvergadering wees nie, maar moet gesprek stimuleer sodat daar besluite geneem kan word wat verseker dat die Kerk in elke omgewing die mees effektiewe manier vind om aan ons roeping uitvoering te gee.

## Kerklike en ander publikasies












## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur **At Hattingh**. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Laat gerus vir ons kommentaar en deel u gedagtes oor die Blitsflits. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is beskikbaar op sosiale media en YouTube.

## ’n Gedig

Here God Almagtig,
ons buig voor U troon,
Skepper van die heelal,
waaroor U regeer.
Son en maan en sterre,
wolke, weer en wind,
U beheer dit alles deur die eeue heen.
U is God Almagtig,
die Drie-enige God,
U wat heers vir ewig,
U is waarlik God.

Here God Almagtig,
U het ons so lief.
Daarom stuur U Jesus
om ons te kom red.
Aan ’n kruis kom sterf Hy,
Hy oorwin met krag.
Hy kom maak ons vry
van sonde en die dood.
U is God Almagtig,
die Drie-enige God,
U wat heers vir ewig,
U is waarlik God.

**VONKK 452: 1 en 2**

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Kosfees op Melkbosstrand. Gemeente Kaapstad** hou op **14 Maart** ’n kosfees vanaf 09:00 by Robbenweg, Melkbosstrand. Kom smul aan ’n beesstertpotjie, pannekoeke, krokette, poedings en vele meer. Moet dit nie misloop nie. Vir **enige navrae** kan u ons kontak by: 082 806 8396



- **Gemeente Parys** bied op **28 Maart Drie van die Bestes** aan te NG Kerk Vredefort om18:30 vir 19:00. Drie van die Bestes bestaan uit groot Afrikaanse sterre: Matthys Roets, Danie Niehaus en Germandt Geldenhuys. Kaartjies beskikbaar teen R250 p/p. Daar is slegs 400 kaartjies beskikbaar**. Kontak die kerkkantoor** (075 235 7914) vir meer besonderhede. Bankbesonderhede: Standard Bank, rekeningnommer: 102 2497 5402. Verwysing Drie vd Bestes.

- **Dagstukkieboek: Gemeente Louis Trichardt** verkoop 'n dagstukkieboek as 'n fondsinsamelingsprojek. Die dagstukkieboek bestaan uit 41 preke wat ds Mostert gedurende die jaar 2025 in die Gemeentes Louis Trichardt en Zoutpansberg gelewer het. Hierdie preke is elkeen verwerk tot vyf dagstukkies. Die boek kan aangekoop word teen **R250 (aflewering uitgesluit) vir 'n harde kopie en R200 vir 'n digitale PDF-weergawe. Kontak** ds Zilcha Mostert by 060 732 4323 of **zilchamostert.hervormdekerkltt@gmail.com** vir enige navrae.

## Toerusting








- **Pastorale beradingskursus: 'n Pastoraal-holistiese benadering tot kanker**
**21 April 2026 – Zoom-aanbieding deur prof Wentzel Coetzer**
Wanneer die immuunsisteem gestimuleer word, selfbeeld en selfvertroue herstel word, onverwerkte trauma en emosionele pyn deurgewerk word, vertroebelde verhoudings herstel word en 'n gesonde leefstyl in plek kan kom, kan dit tot ingrypende fisiese veranderinge lei. In hierdie kursus kom 'n verskeidenheid van praktiese riglyne in hierdie verband aan die orde as deel van 'n diepgaande pastoraal-holistiese benadering waar die biologiese, sosiale, emosionele en geestelike dimensies van siekte geïntegreer word. Daar word veral gefokus op die benaderings van die pediatriese chirurg, dr Bernie Siegel, asook die mediese dokter, dr Gabor Maté, met betrekking tot kanker. Teen hierdie agtergrond word daar dan telkens ook pastorale kommentaar gelewer en praktiese riglyne uitgespel.

  **Die kursus is vir almal oop.**
  **Datum:** Dinsdag 21 April 2026.
  **Tyd:** 09:00-13:00
  **Akkreditering:** 5x VBO-punte – CPSC-punte – 5x AFM PCD-punte
  **Koste:** R300 per persoon (R45 ekstra vir inskrywings uit Namibië en die buiteland as gevolg van bykomende bankheffings)
  **Handboek te koop (opsioneel):** R370 (R250 plus R120 vir koerier)
  **Navrae:** 083 660 0409 of e-pos: wentzelc@gmail.com

  **Volg die kursus op 'n latere datum:**
  Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna 'n skakel ontvang om weer die kursus op enige later datum te kan volg.

  **Klik *hier* om vir die kursus te bespreek.**




## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.



## Gebed vir die week

Wees my genadig, o God, in u troue liefde,
wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid!
Was my skoon van my skuld,
reinig my van my sonde!
Ja, my oortredings ken ek
en van my sonde bly ek altyd bewus.
Teen U alleen het ek gesondig,
ek het gedoen wat verkeerd is in u oë.
U uitspraak is dus reg
en u oordeel regverdig.

**Psalm 51: 3-6 (AFR83)**


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds David Barnard |
| Subredakteur: | Ds Mariët Robbertze |
| Koördineerder: | Mej Sanet du Plessis |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |
| Joernalis: | Ds Iwana Kruger |